


# Die Sierduif The Fancy Pigeon

*Februarie 2019 / February 2019*

**Strasser**



*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*



**MOOKEE-TELERS KUIER SAAM**  
Hennie Hattingh

Op Maandag, 10 Desember 2018, is daar 'n informele Mookee-kuierdag gehou. Ruben Kitching het dit gereël en dit is gehou aan huis van Hennie en Roné Hattingh in Parys. Teenwoordig was Attie van Aswegen, Ruben Kitching, Johan en Erika de Kok

(Nuwelede van die SASV met groot belangstelling in die teel van Sierduiwe) asook Hennie Hattingh. Terwyl die telers kopstukke oor Mookees gesels het, het Henna Kitching en Roné Hattingh die toeriste winkeltjies in Parys ingevaar en hulleself op hul eie manier geniet. Die dag is afgesluit met 'n heerlike braai temidde van 'n reënbui wat uitgesak het. Gelukkig het die afdak in Hennie se agterplaas voorsiening gemaak dat daaronder gebraai kon word. Nadat die ander huistoe is, het die Hattingh's en Kitching's die aand lekker saam gekuier en is Ruben en Henna eers die volgende oggend terug Pretoria toe.

Dit was baie spesiaal om na nuwe aantale uit die telers se hokke te kon kyk en elke duif behoorlike kon evalueer. Ongeveer 20 jong Mookees is onder bespreking geneem en elkeen teenwoordig het baie geleer oor die standaard en skouvoorbereiding van die Mookee. Te oordeel aan wat die betrokke dag hier gesien is, is dit moontlik dat die Mookee-ras in die nuwe skouseisoen die stem behoorlik dik kan maak.

'n Gesindheid wat die dag uitgestaan het, was die gewilligheid van die lede om veral die nuwe lede te help met goeie aantel duiwe. Ook ons ander het met oop gesindheid Mookees onder mekaar-uitgeruil met die oog op 'n volgende broeiseisoen, alles ten doel om die ras te verbeter en kleure te teel wat indruk kan maak.



**Chris de Bruin**  
Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.  
Kontak besonderhede:  
Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebuin@hotmail.com



**President**  
**Chris de Bruin**  
Tel: 012 819 1594 (na ure)  
012 420 0181 (kantoor ure)  
e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebuin@hotmail.com



**Sekretaris**  
**Peet Botha**  
Sel: 082 467 0996  
e-mail: peetsandra@vodamail.co.za

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index

Mookee telers kuier saam - Hennie Hattingh	2
Editors Page / Redakteur se blad	3
Editorial / Redaksioneel	4
Skaarrasdag - Hennie Hattingh	6
Rus sag Jan - Marleen Esterhuizen	6
Uit my apteek vir duiwe - Simon Jordaan	7
Scoreboard and Rules	8

## Birthdays

<b>C023 - At v Jaarsveld</b>	<b>- 02-Mar</b>
<b>A041 - Piet van Wyk</b>	<b>- 04-Mar</b>
<b>B009 - Jan Wiid</b>	<b>- 04-Mar</b>
<b>G025 - Christie Marais</b>	<b>- 05-Mar</b>
<b>G005 - Hendriena Swanepoel</b>	<b>- 10-Mar</b>
<b>C016 - Stephan Erasmus</b>	<b>- 11-Mar</b>
<b>D004 - Jannie Kleynhans</b>	<b>- 13-Mar</b>
<b>D017 - Lara de Beer</b>	<b>- 13-Mar</b>
<b>N006 - Jan Oelofse</b>	<b>- 19-Mar</b>
<b>H023 - Hendrik Matthee</b>	<b>- 21-Mar</b>
<b>B039 - Louis vd Walt</b>	<b>- 22-Mar</b>
<b>D003 - Johan Smit</b>	<b>- 25-Mar</b>
<b>W010 - Christo Nel</b>	<b>- 27-Mar</b>
<b>W003 - Lizelle Swanepoel</b>	<b>- 30-Mar</b>

### Ill members

None

### Deaths

Jan Jansen van Vuuren

Wes-Transvaal lid



## Advertisement Costs

Businesses and non SAFPA members

Quarter page - R250

Half page - R450

Full page - R850

## Banking details

Account Name **SAFPA**

Standard Bank **Tyger Manor**

Branch Code **05-04-10-41**

Account Number **272 692 794**

## National Ringmaster

Available

Monday to Saturday

08:00 to 20:00

Sunday after 14:00



**Redakteur/Editor  
Christo Munnik**

Uiteindelik is Januarry 2019 se 55 dae verby en kan mens weer stadig begin asemhaal of so gaan dit met mense wat al hulle geld plus bonusse in Desember maand uitgee en nie dink aan die skoolgeld en wat ook al wat betaal moet word nie. Ek glo natuurlik dat ons lede nie onder daardie kam

geskeer behoort te word nie. Duiweboere is verantwoordelike mense glo ek.

Ek ontvang omtrent geen terugvoering van lede aangaande die Sierduif wat slegs op die webblad beskikbaar is nie, intendeel het ek hierdie maand slegs van Ds Hennie Hattingh iets ontvang wat darem vir my gesê het die boekie lees beter in die A4 formaat.

Ek doen 'n beroep op ons lede om tog maar te probeer kritiek lewer goed of sleg sodat ek weet ek doen darem die regte ding. Feite is dat die boekie seker vir altyd agt of op die meeste 12 bladsye sal beslaan. Praat tog maar aseblief met my.

Dan moet ons tog maar ook probeer om vir my artikels te stuur sodat dit nie vir my nodig sal wees om ou nuus te plaas nie want dis wat ek lyk vir my maar sal moet begin doen om die boekie lewendig te hou. Ek wil tog nie elke maand oor dieselfde dinge kla nie aseblief tog mense. As daar enige duiwedae, spesklub skoue, streekskoue of sommer net byeenkomste gehou word neem groot aseblief soveel fotos as wat julle kan en stuur dit ek sal kyk wat kan ek plaas.


Genoeg gekla ek hoop dat almal baie kampioene geteel het en dat die duifies goed sal doen tydens ons skoue die jaar. Ja, dis alweer die einde van die eerste maand pasop die skoue is alweer op ons.

Groete daar van hok tot hok.



**South African Rare Breeds Club  
Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub  
Established \*\*\* 1988 \*\*\* Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds  
Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soutz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenvēer, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak  
President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910  
Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

**“Beste wat ek ooit gebruik het. Nou ‘n jaar in gebruik. Duiwe in top kondisie. Puik verveer en ken nie meer siek duiwe nie. Het ook puik veerkwaliteit”**

Lourens Muller. Die Duiwehoekie. 29/01/2017



**bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g R117.34**

**Ander produkte:**

**bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg R156.18**

**bioworx ENERGYOIL 500ml R182.00**

**bioworx ENERGYOIL 1lt R346.30**

**bioworx BIOFUEL 1kg R125.99**

**bioworx DECHLOR 500g R255.00**

*(BTW ingesluit / Afleveringsfooie uitgesluit)*

**bioworx (edms) bpk 2000/019696/07**

Dekgrasweg 429 Sivertondale Pretoria Tel: 012 348 8888 / 082 879 4208

E-pos: [hennie@bioworx.co.za](mailto:hennie@bioworx.co.za) Webwerf: [www.bioworx-pigeon.co.za](http://www.bioworx-pigeon.co.za)



*The Fancy Pigeon*

**GJ van Aswegen  
Teel met Norwich Croppers en  
Working Homers  
Kontak besonderhede:  
Sel: 082 921 1747  
e-mail: [gjtofts7@gmail.com](mailto:gjtofts7@gmail.com)**



*Die Sierduif*



**SKAARSRASDAG : 9 MAART 2019**  
*Hennie Hattingh*

Alle telers wat duiwe teel behorende tot die groep "Skaarsras" word herinner aan die artikel wat verskyn het in die Oktober 2018 – uitgawe van "Die Sierduif." Dit het gegaan oor die hou van 'n Skaarsrasdag soos beplan vir DV 9 Maart 2019 aan huis van Hennie en Roné Hattingh te van Schalkwyk-



*The Fancy Pigeon*

straat 10, Parys.

Rasse wat deel vorm van die Skaarsrasklub is: Arabian Trumpeter, Carneau, Cauchois, Crested Soutz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker en Steinheimer Bagdad.

Let wel: alle telers van Skaarsras duiwe word uitgenooi. Jy hoef nie noodwendig lid van die Skaarsrasklub te wees nie.

Die besonderhede vir die dag is:

Datum: 9 Maart 2019.

Tyd: 09.00 tot namiddag.

Plek: Van Schalkwykstraat 10, Parys, Vrystaat.

Etes: Bring eie vleis en drinkgoed. Bykosse envure sal deur die Hattingh's voorsien word.

Duiwe: Bring soveel as moontlik duiwe uit die bogenoemde lys saam sodat die verskillende rassebehoorlik bespreek kan word. Daar sal 'n goeie aantal hokke wees waarin die duiwe uitgepak kan word.

Navraag: Hennie Hattingh by 082 923 3910 of hennihattingh703@gmail.com

Kennisgewing: Laat weet asseblief vir Hennie Hattingh voor 28 Februarie 2019 wie van u kom, watter rasse u saambring en hoeveel duiwe uit elke ras.



Rus sag Jan

So kom ons aan die einde van nog 'n era en moet ons weereens een van ons lede groet. Jan Jansen van Vuuren was nie vir lank 'n lid van ons streeknie, maar tog gaan hy gemis word. Sy groot hart en die altyd smile al gaan dit hoe knyp was versekeren van sy sterkste punte. Altyd was hy bereid om te help en kon daar op sy knoppie gedruk word. Onder die hoender manne was hy ook baie gewild. Ja, altyd stout en vol grappies. Ou grote jy laat 'n leemte in ons midde. Aan Ezebé en die kinders kan ons net sê sterkte en God sal vertroosting bring.



***Bogenoemde ingestuur deur Marleen Esterhuizen***



**Uit my apteek vir duiwe**  
*Simon Jordaan*

### JIK, Virikull en Virkon S

Jik is uiters effektief teen virusse. Ek gee dit minstens een keer elke 2 weke in die water. 5ml in 8L water. EK gebruik Virikull en Virkon S dit ontsmet jou hok en duiwe teen 18 verskillende soorte virusse.

### Appel Asyn

Slegte bakterië veral E Colie hou nie van suur goeters nie. Appel asyn het beslis ook bepaalde anti-biotika waarde. Ek gee minstens een keer per week Appel asyn teen 5ml in 8L water.

### Beet

Beet bevat 'n baie hoë graad van koolhidrate. Beet blare bevat meer yster as spinasie. Beet suiwer bloed. Volgende vitamine is in beet blare in hoë konsentrasie. A1, B1, B2, B6 en Vit C. As jou vrou weer beet kook moet nie die water weggooi nie. Gooi dit by hulle drinkwater!!

### Bies Melk

Bies is goud werd!! Die liewe Vader laat diere, selfs duiwe, vir die eerste drie dae met baie goeie rede bies produseer. Dit ontwikkel die immuniteit van baba dier teen allerhande siektes waarvoor hulle kwesbaar is op so 'n jong ouderdom. Bies is moeilik bekombaar. As jy egter lekker geel bies kan bekom en dit in die duiwe se kos meng is die resultate verstommend. Verlaag natuurlik in die broei seisoen. Dit werk ook pragtig vir alle duiwe. So gereeld as moontlik. Bies is ook 'n natuurlike ant-biotika. Lekker taai. Gooi sommer so 'n bietjie brouergis poeier by.

### Grondboontjie

Grondboontjies verkieslik die suikervry produk. Gee heel Grondboontjies of gebruik fyn. As die duiwe dit eers ontdek is hulle mal daaroor. Is hoog in Olie goed vir vere.

### Knoffel

Die belangrikste omtrent knoffel is die feit dat 'n natuurlike antibiotika is. Dit verdun die bloed en nog belangriker dit hou muskiete weg dus ook duiwe vlieë as dit op 'n gereelde grondslag vir die duiwe gegee word in die water maar eerder in die kos in olie formaat. Dit kan gekoop word by supermarkte in houertjies. Steel jou vrou se "liquidiser" en maak 'n pasta daarvan. Meng dit in die kos. Terwyl jy dit doen voeg sommer 'n bietjie brouergis poeier by.

### Blomswael

Die vere van duiwe bevat baie swael. Hoe hoër die swael inhoud hoe beter is die veer kwaliteit. Tydens die veerveer tyd veral, kan daar bykans altyd so twee opgehoopte eetlepels blomswael by die kos gevoeg word. Wurms is ook deksels vies as hulle skielik met blomswael bestook word. Blomswael kan ook in die hokke geplaas word langs skulp gruis sodat duiwe daaraan pik na behoefte.

### Molasse

Molasse bevat glukose. Dit is energie gewend en bevorder eetlus. Bind ontlasting. Dit sal egter nie siektes wat nat mis veroorsaak gesond maak nie. Een teelepel in 'n gieter water het 'n duidelike positiewe effek op die duiwe om 'n bietjie langer om die huis te vlieg.

### Yoghurt

Yoghurt (suikervry) is 'n skitterende plaasvervanger vir Bies as Bies nie bekombaar is nie. Uitstekende "pro-biotic" en maklik bekombaar. Baie goed om kos te benat om dan Brouergis of enige ander poeier by die kos te voeg.

### Heuning

'n Paar aanhalings uit intrenet bronne. "The glucose in honey is absorbed by the body quickly and gives a immediate energy boost". "Honey is an immune system booster." "Honey is a cleansing tonic". "Honey has anti-bacterial properties". EK het nou eers heuning "ontdek" en gebruik dit met baie baie goeie resultate.

### Brouergis Poeier

Dit bevat baie magnesium en daarom is dit een van die beste "pro-biotics" wat 'n mens kan kry. Dit verskaf uitstekende proteïene aanvulling vir verslete spiere.



## MODENESERKLUB VAN S.A.

**President: Jan Lombard - 083 274 1014**

**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**

### DIE PERFEKTE RAS:

**Top kwaliteit Europese Bloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas.**

**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? - the perfect bird!**

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

## Rules

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

Order from the National Ringmaster:

1. Book of Standards R200 each
2. SAFPA ties (Navy blue) R60 each
3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R35 each
4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each
5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each
6. Metal Member & Judges scrolls R50 each
7. National pocket badges (Green) R40 each
8. National Honour scrolls (Green) R30 each
9. National Ties (Green) R120 each

All prices excludes Postage contact Robin Prince for correct postage

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat R850 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

1. Freestate: 2303

### Manie Fourie Trophy

1. Northern Freestate:	1454
2. Western Transvaal:	1140
3. North-of-the-Vaal:	1086
4. Eastern Region:	750
5. Northern Cape:	653
6. Eastern Province:	450
7. KwaZulu-Natal:	334
8. Western Cape:	0
9. SW Districts:	0

### Bertie Wessels Trophy

1.